**26 Julie**

**Skrifgedeelte: Handelinge 4:23-31**
**Fokusgedeelte: Handelinge 4:24, 29**

## Bid om te vertel

Petrus en Johannes is gevange geneem en deur die Joodse Raad beveel om glad nie verder in die Naam van Jesus iets te leer of te verkondig nie. Hulle is gedreig ... maar op die ou end losgelaat (vs 1-22). Petrus en Johannes gaan na die medegelowiges en vertel hulle alles wat gebeur het (vs 23). Gaan hulle nou terugdeins? Gaan hulle in hulle kokon inkruip en na binne gerig besig bly, in 'n gemaksone waar dit veilig is? Wat gaan hulle doen? Hulle bid.

So dikwels wil ons die situasie analiseer, 'n strategie uitwerk en doelwitte stel. So dikwels sê ons dat ons moet bid. Ons sien in die gedeelte hoe die gelowiges in die éérste plek daadwerklik bid. Uitreik na buite, "omkeer", vrymoedigheid om te vertel, ingrype in ons lewe, is nie iets wat ons self kan produseer nie, maar dit is iets waarvoor ons in die eerste plek moet bid dat God dit deur sy herskeppende krag doen.

Hoe meer ek bid, hoe meer word ek deel van dit wat God besig is om te doen, hoe meer word ek, as instrument in God se hand, deel van die antwoord op my gebed. Ons sien hoe die gelowiges dan ook inderdaad met vrymoedigheid die Woord verkondig (vs 31).

Gebed gaan oor:

- Erkenning van die grootheid van God (vs 24). Omdat ons met Gód in gebed praat, weet ons dit maak 'n verskil, want Hy is die een wat skep en herskep. Hy bring tekens en wonders en genesing (vs 29) Hy verander mense en situasies, nie ons nie.
- Ons is deel van die antwoord op gebed: "Gee dat u dienaars met volle vrymoedigheid u woord sal verkondig" (vs 29). Vertel, praat, getuig, want God gee jou die woorde, die opdrag en die vrymoedigheid.
- Praktyk: Wanneer, waar, hoe lank en saam met wie gaan ek elke dag aan die uitbreiding van die Koninkryk meewerk deur te bid?

*Sing: Psalm 33:1, 11 (1936)*

*Ds. CJ (Johan) van Heyningen (Stellenbosch)*